

8 Mei

Matteus 26:36-46

(Teks: 26:36, 37)

U tuin van smarte is ook 'n tuin van blydschap

Angs en droefheid hoef nie noodwendig altyd blydschap uit te sluit nie.

Hoe donkerder die smart en leed uit Getsemane op die aarde toegesak het, hoe helderder het die blydschap weerklink. Getsemane beteken: oliepers of olyfpers. Hoe goed pas hierdie naam nie by ons Verlosser se verlossingswerk nie! Juis in hierdie tuin van Getsemane was Hy onder doodsdruk. Hier word Hy onder Gods oordeel gepers totdat sy angssweet soos bloeddruppels word.

En was dit nie ook in 'n tuin, die Paradys-tuin, waar die ellende vir die mensdom begin het nie?

Daar bly egter een groot verskil tussen die Paradystuin-gebeure en die lyding van Jesus in die tuin van Getsemane: In die paradystuin was alles pragtig en mooi en die lig van God het alles verlig en toe, skielik, het die duisternis van sonde toegeslaan. In die tuin van Getsemane was dit donker en smartlik en tog het die lig van die verlossing juis tóé deur die duisternis gebreek.

In die paradys het die engele gehuil en die Satan en sy duiwels het gejuig. In Getsemane egter, terwyl daar bitter geween is tot op die punt van algehele uitputting toe, het daar tog ook iets anders gebeur: Die gelag van die duiwels het begin verstom en die oorwinningslied van die engele het oor die hele skepping begin weerklink, want Jesus het die Satan en die dood oorwin.

Bid God dat Hy in u dae van duisternis en droefheid tot die dood toe, u tog ook die hemelse gelag van die engele sal laat hoor, want dit is daar.

Sing Skrifberyming 4:3 en 5

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)